



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Noodnommers:

107

(vanaf 'n landlyn)

021 480 7700

(vanaf 'n selfoon)

Hierdie kontrolelys is deur die Stad Kaapstad se afdeling vir brandveiligheid saamgestel.

Dit is ook op versoek en in Engels en Xhosa beskikbaar.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.



**BRAND- EN
LEWENSVEILIGHEID**
KONTROLELYS VIR DIE HUIS



Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

Hoe veilig is u huis en gesin?



Hierdie kontrolelys vir brand- en lewensveiligheid sal u help om moontlike brandgevaare in u huis te identifiseer. Dit stel ook goeie huishoudingspraktyke bekend wat die brandveiligheid van u huis aansienlik sal verbeter.


Beantwoord die vrae eerlik.


Indien u "nee" op enige van die vrae antwoord, moet u stappe neem voordat iemand seerkry.

Nadere besonderhede kan verkry word deur u plaaslike brandweerstasie of u brand- en lewensveiligheidopvoeder te kontak by 021 703 3184 of 'n e-pos te stuur aan lifesafety@capetown.gov.za.



Kom ons werk saam om diegene vir wie ons lief is, te beskerm.

 Brandopsporing en brandbestryding	Ja	Nee
Rookalarms: Het u huis minstens een rookalarm om u gesin te beskerm terwyl u slaap? (Die meeste huisbrande kom in die nag voor. In die VSA en VK het brandalarms sterftes weens brand met 50% verminder.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Toets u die battery van u rookalarm minstens een keer per maand en ruil u die battery een keer per jaar om?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet almal hoe die rookalarm klink?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Brandblussers: Het u huis 'n brandblusser of 'n rookskerm wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS) voldoen?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is u brandblusser gedurende die afgelope 12 maande deur 'n SANS-goedgekeurde tegnikus getoets?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word u brandblusser op 'n toeganklike en gerieflike plek, bv. naby 'n uitgang deur, gestoor?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het u plaaslike brandweer u opgelei in of raad gegee oor die veilige gebruik van u brandblusser?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
 Noodprosedures en ontsnappingsplanne	Ja	Nee
Het u en u gesin 'n ontsnappingsplan ingeoefen? ('n Ontsnappingsplan sal u ontsnapping versnel en dit kan dalk u lewe red.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
As u jong kinders of gesinslede met beperkte beweeglikheid het, is iemand aangewys om hulle in geval van 'n brand te help ontsnap? (Die meeste sterftes weens brand kom onder jong kinders en bejaardes voor.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het u kinders geoefen hoe om sonder 'n volwassene se hulp te ontsnap?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Ken babaoppassers, versorgers en besoekers almal die ontsnappingsprosedure in geval van 'n brand?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word u ontsnappingsplan minstens een keer elke ses maande ingeoefen?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Hou u 'n flitslig geredelik byderhand vir gebruik tydens 'n kragonderbreking of brand?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

 Om van 'n brand te ontsnap	Ja	Nee
Weet u dat indien 'n brand uitbreek, u almal uit die huis moet kry en dan die brandweer moet skakel?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet almal dat hulle buite moet kom en buite moet bly as 'n brand sou uitbreek? (Laat alle waardevolle artikels en besittings agter. Maak seker dat kinders nie wegkruip nie.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet u dat u nie moet probeer om die brand te blus voordat die brandweer ingeroep is nie? U mag slegs die brand probeer blus as dit geen gevaar vir u inhou nie.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Ken u gesin die noodnommer 107 en word 107 op u telefoon vertoon om kinders te help wanneer hulle hulp moet ontbied?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet almal dat hulle laag onderdeur die rook moet kruip om van die brand te ontsnap? (Om rook in te asem kan mens doodmaak. Koel lug naby die vloer sal jou help om asem te haal en na veiligheid te kruip.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het u twee maniere om uit die huis te kom in geval van 'n brand?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Kan u die diefwering van binne af oopmaak om te verhoed dat u binne-in die huis vasgekeer word?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Sorg u dat vensters, deure en die vloer hindernisvry is sodat dit maklik is om uit te gaan in geval van 'n brand?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Kan u deure vinnig oopmaak en is sleutels geredelik beskikbaar om deure mee oop te sluit? (Hou sleutels in die slotte van deure en veiligheidshekke of aan hakies daar naby.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet u dat indien 'n brand in 'n vertrek uitbreek, u die deur moet toemaak om te keer dat die brand groter word.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Slaap u met u deure toe om die verspreiding van rook en vuur te verhoed?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet u dat indien u deur 'n vuur vasgekeer word, u die deur na u kamer moet toemaak en 'n kombors of handdoek aan die onderkant van die deur moet sit om die rook uit te hou? (Roep deur die venster om hulp.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Sal u onthou om al die deure agter u toe te maak wanneer u die huis ontruim?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het u gesin 'n veilige plek waar hulle weg van die huis af bymekaar kan kom?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

 Voorkoming van die brand: hitte en brandstof	Ja	Nee
Vloeibare petroleumgas (LPG): Indien u gas gebruik, beperk u die 9 kg-silinders tot die een wat gebruik word en 'n ekstra een?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is u gasinstallasie deur 'n geregistreerde LPG-gasinstalleerder en/of die brandweerafdeling, waar van toepassing, nagegaan en gesertifiseer?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is kinders altyd onder toesig wanneer gas, 'n oop vlam, olieverwarmers of oop vure gebruik word?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Wanneer gastoestelle aangesteek word, trek u eers die vuurhoutjie voordat die gas oopgedraai word?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Verwarmers: Word verwarmers in veilige areas (waar hulle nie omgestamp kan word en items nie op hulle kan val nie) gebruik wat minstens 1 m weg is van meubels, stoffering of enigiets anders wat kan brand? (Uitgestraalde hitte veroorsaak baie huisbrande.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Skakel u die verwarmers af wanneer u die huis verlaat en wanneer u slaap?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Sorg u dat klere nie op of naby verwarmers gedroog word nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Hou u 'n venster effens oop in vertrekke waar 'n paraffien- of gasverwarmer gebruik word? (Verwarmers met 'n oop vlam verbruik suurstof en gee gifgasse af.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word gordyne weggehou van hittebronne en moontlike ontvlaming?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Gebruik en berg u elektriese komberse volgens die vervaardiger se instruksies en word hulle korrek op die bed gesit? Word hulle afgeskakel wanneer u in die bed is, gereeld versien en nie saam met warmwatersakke gebruik nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Kook: Sorg u dat kos wat gaargemaak word, nooit onbewaak gelaat word nie? (Baie brande word veroorsaak deur kos wat onbewaak op 'n stoof gelos word, veral olie.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Wanneer u kos diepbraai, sorg u dat die kastrol nie meer as 'n derde met olie gevul is nie? (Minder olie verlaag die risiko dat warm olie op die stoof sal oorkook.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet almal dat mens 'n klam doek moet gebruik om brandende kookolie te blus? (Moenie water op 'n olievuur gooi nie, want dit sal ontplof.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

 Voorkoming van die brand: hitte en brandstof	Ja	Nee
Sorg u dat u nie lospassende klere dra wanneer u kook nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het almal geoefen om "te stop, te val en te rol" indien hulle klere aan die brand sou slaan? (Moenie hardloop nie, want dit sal die vuur vererger.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word panne in 'n veilige posisie op die stoof geplaas? (Draai die handvatsels na binne, maar nie oor 'n warm plaat nie, sodat dit nie omgestamp kan word nie en sodat dit buite die bereik van kinders is.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word die koorde van broodroosters, ketels en ander elektriese toestelle weg van die stoof gehou en sorg u dat dit nie binne die bereik van kindertjies hang nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is die area bo en rondom die stoof vry van enige items wat kan brand?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word items wat vir kinders aanloklik is (bv. lekkergoed en koekies) weg van die kookarea gebêre sodat kinders nie in die versoeking kom om bo-op warm oppervlakke te klim nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Blus u braaivure wanneer die kos klaar gaargemaak is?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Weet almal wat mens nodig het om 'n brandwond te lawe? (Gaan vinnig tot aksie oor en hou die brandwond in koue water vir minstens 20 minute.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Kaggels: Is u kaggel korrek geïnstalleer? (Baie brande ontstaan as gevolg van swak installasie. Mense sterf ook weens koolstofmonoksiedvergiftiging wanneer gastoestelle sonder voldoende ventilasie geïnstalleer word.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word vuurskerms rondom oop vure geplaas? (Hou ontvlambare items weg van die vuurskerms en moenie klere voor vure droogmaak nie.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word spieëls weg van kaggels of ander bronne van hitte gehang? (Moenie té na aan die vuur staan nie; mens se klere kan vlam vat.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
 Voorkoming van die brand: elektriese veiligheid	Ja	Nee
Is alle elektriese toestelle wat nie gebruik word nie, afgeskakel en uitgeprop? (Elektriese foute is verantwoordelik vir 'n groot aantal brande, veral snags.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word TV's, hoëtroustele en ander elektriese toestelle afgeskakel en nie in gereedheidsmodus gelaat nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word elektriese stryksters en ander toestelle toegelaat om behoorlik af te koel voordat hulle gebêre word?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

 Voorkoming van die brand: elektriese veiligheid	Ja	Nee
Het u genoeg proppe in elke vertrek om die gebruik van bykomende veelproppe en verlengkoorde te beperk en oorlading te verhoed?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word proppe se sokke en verlengingskabels oorlaai? (Die reël is: "een sok, een prop". U kan 'n sok oorverhit en 'n brand laat ontstaan deur verskeie bykomende veelproppe in een sok te druk. Toerusting wat baie krag gebruik, kan verlengingskabels oorlaai.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is elektriese koorde en drade in 'n goeie toestand? Word verslete en beskadigde koorde vervang en nie net bloot herstel nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Indien verlengingskoorde gebruik word, word hulle veilig gebruik (nie onder matte of oor deuropeninge geplaas nie)?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is verleningskoorde behoorlik vasgesit (nie met spykers of kramme nie)?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Om elektriese skokke te voorkom, verhoed u dat draagbare elektriese toerusting saamgeneem word badkamer toe?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Voldoen al u elektriese toestelle aan SANS?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Werk alle waarskuwingsligte op stowe en toestelle om aan te dui dat die toestel aan of af is?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Voer u 'n veiligheidsinspeksie van u huis uit en herstel u alle foute gereeld?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
 Voorkoming van die brand: veilige praktyke	Ja	Nee
Indien enigeen binne-in u huis rook, het u genoeg groot, diep asbakke wat nie kan omval nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Sorg u dat u nooit 'n aangesteekte sigaret of pyp onbewaak laat nie? (Hulle kan op 'n stoel of mat val en 'n brand veroorsaak.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Geld die "rook in die bed verbode"-reël in u huis? (Dis maklik om in die bed of in 'n leunstoel aan die slaap te raak terwyl jy rook.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word alle asbakke gereeld in 'n geskikte metaalhouer leeg gemaak?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Verhoed u dat asbakke op stoele se armleunings gesit word waar hulle maklik omgestamp kan word?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word vuurhoutjies en aanstekers weggesluit – buite bereik en buite sig van kinders?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Maak u seker dat jong kinders nooit alleen tuis gelaat word nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Indien u wel kerse in u huis moet hê, is hierdie kerse slegs ter versiering en word hulle nooit onbewaak gelaat wanneer hulle aangesteek is nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

 Gevare van warm water en swembadveiligheid	Ja	Nee
Word ketels, potte, bekere, ens. buite die bereik van jong kinders gehou? (Kookwater is verantwoordelik vir die meeste brandwonde in die huis.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Wanneer jong kinders gebad word, tap u eers koue water in voordat warm water bygevoeg word?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is u waterverwarmer se termostaat laer as 55 grade Celsius gestel?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is krane met die regte kleure gemerk en ken kinders die verskil tussen die krane vir warm en koue water?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is alle babas "verdrinkingsbestand" en weet alle kinders hoe om te swem?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het u swembad 'n swembadnet?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Het u 'n swembadheining met 'n selfsluitende hek? (Dit is 'n wetlike vereiste aangesien baie kinders tuis verdrink. Dit is ook van waarde om noodhulp- en KPR-opleiding te ondergaan.)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
 Veilige bewaring	Ja	Nee
Word alle huishoudelike chemikalieë in gepaste houers gebêre waar kinders dit nie in die hande kan kry nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word alle medisyne in kinderbestande houers gebêre waar kinders dit nie in die hande kan kry nie?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word alle vuurwapens in 'n SANS-goedgekeurde kluis gebêre?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is jou stoorplekke soos tuinhokkies, kaste en solders vry van papier, meubels, lappe en ander dinge wat kan brand?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Hou jy so min as moontlik vlambare items soos petrol, verdunner en verf aan, en is dit verseël en veilig weggebêre, weg van goed wat aan die brand kan slaan?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Word swembadchemikalieë op 'n veilige plek gehou, weg van remvloeistof en ander items?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is jou solder met nievlambare materiaal geïsoleer, en bêre jy so min as moontlik vlambare items in jou solder?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Is jou dak ontvlambaar? As jy 'n rietdak het, is dit met 'n middel behandel om dit brandbestand te maak?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>